FRANSE SENDING

Kinderevangelisasie (CEF)

Nuusbrief 4 – 2017

Almal soek daarna. Mense kan dit namaak.
Maar alleen God kan dit gee.

Jesus het gesê ..

"“Vrede vir julle!”... “Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.”

'n Groot deurskynende glaskas is met die draai van die eeu in die jaar 2000 in die "Notre Dame" katedraal in Parys se voorportaal gesit. *Wat is jou wens vir die nuwe jaar?* Franse maar ook buitelanders het Nuwejaar wense in die gleuf gedruk. Ek het die uitdrukkinglose, angstige of wanhopige gesigte dopgehou terwyl vinnig iets op 'n papiertjie geskryf word: "Ons hoop **vir vrede** in die wêreld was 'n deurlopende "kreet". Sewentien jaar later is die kreet eers groot na ware vrede. Mense soek na dit wat God alleen kan gee deurdat Sy Seun aan die kruis in ons plek gesterf het... die ewige vaste Bybelse HOOP wat geloof in Christus bring.

*Dankie dat jy help deur gebede, gawes of deur te kom om **dié vrede aan Franse hier in Frankryk** en in die Fransprekende wêreld te bring. Dank die Here vir ELKE medewerker.*

Lena, 'n ywerige deelnemer aan die 30 uur VERITAS module 1 kursus by ons gemeente vertel haar storie: As kind het sy alles in haar vermoë gedoen om God tevrede te stel deur goeie dade om so haar heil te probeer werf. Nooit ooit het sy die Bybel in die hande gehad nie. Nooit van die verlossing in en deur geloof in Jesus Christus deur genade geleer nie. Maar God het onlangs 'n afspraak met haar gehad deur 'n kollega wat van Sy lewende verhouding met Christus en oor die Bybel getuig het. Sy het tot bekering gekom en dors nou om die Bybel te ken en te verstaan. VERITAS opleiding beantwoord aan dié behoefte. Sy weet nie eers waar om na 'n Bybelse boek te soek nie – dit na meer as 33 jaar in die Katolieke kerk!

God se Goeie Hand in die VERITAS opleiding in Frankryk en in die wêreld:

Dr Bennie Wolvaardt, die Internasionale direkteur het lank gelede dié opleiding vir Frankryk op sy hart gehad. 'n Paar jaar gelede het ds. Dawie en Naomie de Wet van die Strand (RSA)dit in Frankryk afgeskop. 'n Paar predikante is opgelei en ook ons seun Jean. Al ons kinders en skoonkinders was van die eerste studente. Eers was daar kerklik gesproke huiwering. Die Here het met die tyd geloofwaardigheid gebring. Tans volg 23 mense van drie gemeentes, waarvan 2 Turkse leiers, die kursus. '**VERITAS College international**' is dankbaar dat die afgelope jaar **15 283 studente** die kursus in 41 lande gevolg het. **Bid dat VERITAS in FRANKRYK kan dien tot beter leierskap toerusting in gemeentes en ander sending aksies.**

In November is ’n **Europese CEF Internet bediening strategiese beplanning week** gehou. Die leiers en werkers van 13 Europese lande het God se wil gesoek vir die pad vorentoe. Miljoene kinders en tieners kan deur Internet bereik word met die Evangelie.

Bid asseblief dat die Here die nuwe Europese werksgroep sal inspireer en genoeg ontwikkeling fondse sal voorsien.

God het 2017 se 500 jaar herdenking van die **Reformasie** groot gebruik regoor Frankryk om die **ware vredesboodskap** te verkondig.

In ons tuis gemeente was daar heelwat mense van buite wat kom luister het na ’n boodskap en konferensie. Twee kore het aan God die eer gebring vir Sy groot genade deur die inkarnasie van Sy Seun in ons wêreld.



Klein **Simon** met die nier probleme is ’n stalende mensie. Baie dankie vir almal wat volhard om vir hom te bid. Dit gaan goed – hy was 6 maande nie opgeneem in die hospitaal nie. Daar is onlangs uitgroeisels op sy niere gevind.

Bid asb. vir steeds vir volle genesing.

’n KERSFEES uitreik klub in ons gemeente. ’n Onvergeetlike oomblik vir die kinders, die span jongmense wat dit aangebied en vir die ouers. *“Baie dankie Mamma dat jy my gebring het”* sê ’n kind. Die **evangelie van vrede** is duidelik verkondig, lekker gesing, ’n belofte van God se getrouheid rondom die verhaal van Simeon in die Bybel geleer, mooi dekorasies gemaak vir die Kersboom en ’n opvoering vir die ouers.

Bid asb. vir vrug wat sal bly.

2018 UITREIKE *“Kom oor en help ons”*

Junie **KORSIKA EILAND**. Feitlik vol. Kontak : Toerleier ds Loffie Schoeman lofstel@discoverymail.co.za
Augustus **BRETAGNE.** Plekke nog oop. Toerleier ds Sakkie van den Bergh sakkievandenbergh@telkomsa.net

DEPUTASIE: DV sal ons Suid-Afrika (Wes-Kaap, OVS en Gauteng) **1 Maart tot 17 Mei** 2018 besoek om te vertel wat die Here in Frankryk doen. Indien u gemeente belangstel in ’n optrede, skryf asb. aan Mev. Elize van Heerden e-pos: vh@telkomsa.net. Tel H 058 481 2452 (Saans). 058 4813320 (Bedags) Sel 073 096 4420.
Johan en Rita RSA selnommers **vanaf 1 Maart tot Mei**. **Johan**: **0818227946** **Rita: 0818505705**

*Mag die Here julle **seën en beskerm in 2018;** tot julle **redding verskyn** en **julle genadig wees;** julle **gebede verhoor** en **aan julle vrede gee!***
Johan en Rita Bloemhof

Opregte dank ook aan die anonieme ondersteuners.

BANK/INTERNET of STOPORDERS
Bank: FNB Rek. naam: Child Evangelism Fellowship;
Verwysing: Meld asb. **u NAAM en VAN** en sê:” **VIR ds J.F. Bloemhof nr 30**”
Rek. nr.: **53 800 042 847**
Takkode: 200912 Stuur ’n afskrif van u inbetalings aan **cefsafinance@gmail.com** of **Faks** 086 540 6700 vir ’n amptelike kwitansie.

BYDRAES PER TJEK:
Maak asb. uit aan :
“Child Evangelism Fellowship”
Spesifiseer asb:
VIR “ds J. F. Bloemhof Nr 30”
Stuur asb. u tjek bydraes aan :
CEF posbus 3139
Somerset-Wes 7129

Navrae: Mnr. Ernest van Zyl
Tel 0817367679 **E-pos:**
ernest.cef@gmail.com

DEBIETORDERS vorms, Nuusbriewe en Gebedsversoeke:
beskikbaar by bloemhof@free.fr
Tel +33160861989
Sel +33649422585